**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 2 8 1 | 8 1 0 8 1 4 2 2 6 | 3 2 9 | 1 6 7 0 a |

81 8. 14.

DIE TRANSVALER Jg............ Nr...................... P....1.... Dat..............................

TREFWOORDE

1 Vermaak, Chris

2 Voortrekkerhoogte

3 Stedelike terrorisme

4 Aanvalle

5 Vuurpyle

6 Polisie

7 Padblokkade

8

9

10

# Terro's het grofge skut

# Aanslag nou dodeliker

**CHRIS VERMAAK**
(Militêre Korrespondent)

PRETORIA — Die vuurpyllanseerder, 'n Russiese DKZ-B-model, waarmee terroriste Woensdagaand op Voortrekkerhoogte losgebrand het, is die grootste en gevaarlikste wapen wat nog deur insypelaars in Suid-Afrika gebruik is. Dit is in Viëtnam baie doeltreffend deur die Viëtkong gebruik en het duisend Amerikaanse lewens geëis.

Dit het 'n trefafstand van 10 900 meter en dat sulke wapens in die hande van terroriste is, dui daarop dat die aanslag teen die Republiek nou 'n meer gesofistikeerde fase binnegegaan het. Terselfdertyd wys dit op verbeterde wapentoevoerkanale en logistiek.

Die 122-mm-lanseerder wat in die aanslag gebruik is, is feitlik nuut en was toegerus met 'n battery vir nagvuur. Die buislengte is 246 cm en dit weeg 49,4 kg.

NOG foto's en berigte op bl. 2.

Dit is 'n baba van die Russiese BM21. Die fragmentasie-vuurpyl is 190,5 cm lank en weeg 46,3 kg. Vier van die gevaartes is op Voortrekkerhoogte losgelaat.

Die DKZ-B het die langste trefafstand van enige bestaande enkelskoot-missiel. Dit word deur 'n fin gestabiliseer en word as die akku-

# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 2 8 1 | 8 1 0 8 1 4 2 2 6 | 329 | 1 6 7 0 b |

DIE TRANSVALER Jg.............. Nr........................ P..1...... Dat..........81 8. 14.


raatste wapen in sy soort beskou. Dit kan met gemak deur 'n paar terroriste in onherbergsame terre in vervoer word in twee afsonderlike vragte.

Die Witwatersrand en Pretoria het gister van polisie en soldate gewemel wat voertuie by talle padblokkades deurgesoek het. Alle voertuie na Atteridgeville, die Bantoe-woonbuurt buite Pretoria waarheen die terroriste vermoedelik gevlug het, is noukeurig deurgesoek.

Die terroriste skuil vermoedelik in dié buurt nadat hulle 'n jong Indiër in die Indiër-woonbuurt Laudium gewond het toe hulle vermoedelik sy vader se motor wou steel om te ontvlug. Verskeie ander Indiërs het ternouernood aan die dood ontkom. (Berig elders).

Die sewentienjarige Indiër, Zahid Patel, is buite gevaar in die H.F. Verwoerd-hospitaal nadat twee AK47-koëels hom agter die stuurwiel getref het.

Die aanval op Voortrekkerhoogte wat vanaf die reservoir, die hoogste punt in Laudium geskied het, het min skade aangerig. 'n Swart bediende, mev. Elsie Sekanka, is lig beseer toe 'n vuurpyl in haar kamer ontplof. Haar werkgewer, 'n senior Weermagoffisier, mag nie geïdentifiseer word nie.

● In ander verwikkelinge gister is twee swaar gewapende terroriste deur polisie op 'n plaas in die distrik Barkley-Oos doodgeskiet.

Sers. S. Grebe van Aliwal-Noord is ernstig in die skietgeveg gewond en is omstreeks 12h00 met 'n militêre helikopter na die Universitas-hospitaal in Bloemfontein oorgeplaas.

(Volledige berig op bl. 2)


TREFWOORDE

1 ..................
..................
2 ..................
..................
3 ..................
..................
4 ..................
..................
5 ..................
..................
6 ..................
..................
7 ..................
..................
8 ..................
..................
9 ..................
..................
10 ..................
..................